**Woensdag 11 Januarie**
**Skrifgedeelte: Jakobus 2:14-26**
**Fokusgedeelte: Jakobus 2:26 (AFR53)**
## ’n Lewende geloof

Een van die grootste illusies oor Christenwees is dat jy tot geloof kan kom, maar dan kan bly lewe net soos mense wat nie glo nie.

Geloof en goeie werke (“goeie werke” is konkrete gehoorsaamheid aan opdragte van die Here) is twee kante van dieselfde muntstuk. Egte geloof en gehoorsaamheid aan God kan nooit die een sonder die ander een bestaan nie. Net soos niemand sonder geloof God kan behaag nie (Heb. 11:6) – gered kan wees nie – net so kan niemand regtig glo sonder om die pad van gehoorsaamheid aan die Here te begin loop nie.

Dit beteken egter nie dat ons gered word omdat ons goeie werke doen nie. Ons word alleen deur geloof in Jesus Christus gered. Sý goeie werke tel vir ons wanneer ons in Hom glo – so het die Here ons duidelik deur Paulus geleer.

Daar is egter meer oor ons redding te sê, en dit leer die Here ons deur Jakobus. Dit is naamlik dat ’n ware geloof nooit sonder goeie werke sal wees nie, net soos wat ’n goeie boom nie sonder goeie vrugte sal wees nie. Abraham en Hagar se geloof in die Here het hulle immers laat dóén wat die Here in hulle omstandighede gedoen wou hê. Geloof sonder hierdie gehoorsaamheid is ’n dooie geloof. Dit is net so dood soos ’n liggaam sonder ’n gees, soos die liggaam van ’n mens wat gesterf het.

Christus het ons nie gered om onveranderd te bly nie, maar om ons deur die Heilige Gees nuwe mense te maak, mense wat anders wens en dink en gesels en doen as mense wat nie glo nie. En mense wie se lewens só nuut word, kan seker wees dat hulle geloof ’n lewende geloof is.

*Sing: Psalm 92-1:6, 7*

*Ds. SD Snyman (Danie) (emeritus)*